31/87

Saak nr 298/85
MC

JEREMIAH DLAMINI

en

DIE STAAT

VIVIER AR.

Saak nr 298/85
MC

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

Tussen:

JEREMIAH DLAMINI — Appellant

- en -

DIE STAAT — Respondent

Coram: RABIE HR *et* JANSEN, VIVIER ARR.

Verhoor: 23 Maart 1987.

Gelewer: 27 Maart 1987.

---

U I T S P R A A K

---

VIVIER / .......

VIVIER AR:-

Die appellant is in die streekhof op Kempton Park aan diefstal van 'n motorvoertuig skuldig bevind en gevonnis tot vier jaar gevangenisstraf, waarvan een jaar op sekere voorwaardes opgeskort is. Sy broer, wat saam met hom as beskuldigde 2 verskyn het, is onskul= dig bevind en ontslaan. Die appellant se appèl teen die skuldigbevinding en vonnis na die Transvaalse Provinsiale Afdeling het misluk en met verlof van hierdie Hof kom die appellant in hoër beroep teen sy skuldigbe= vinding alleen.

By die verhoor in die streekhof het Barend Nicholaas Brits, eienaar van 'n 1970 model Cortina GT, getuig dat hy sy voertuig

die / ..........

die oggend van 23 Junie 1981 by Birchleigh-spoorwegstasie parkeer en dit later dieselfde dag vermis het. Op 5 Januarie 1982 is hy deur die polisie na Tembisa-polisiestasie ontbied waar hy sy voertuig aangetref het. Hoewel die registrasienommer en kleur verander is, het hy sy voertuig aan 'n aantal ander kenmerke uitgeken. Dit was nie in geskil by die verhoor dat dié voertuig Brits se gesteelde voertuig was nie. Dit was verder nie in geskil dat dié voertuig vroeër op 5 Januarie 1982 deur speurder-konstabel Ezekial Seema in appellant se besit gevind is nie. Seema se getuienis was dat appellant aanvanklik te kenne gegee het dat hy die voertuig wat in sy besit gevind is, van ene Bridge gekoop het en dat hy die nodige registrasie-dokumente het om dit te bewys.

Later / ........

Later het appellant egter aan hom gesê dat sy eie voertuig deur beskuldigde 2 beskadig is en dat 1g toe die voertuig wat in sy besit gevind is, na hom gebring het.

Die appellant se getuienis by die verhoor was dat hy gedurende April 1979 ŉ 1969 model Cortina van ene Bridge gekoop en dit in sy naam geregistreer het. Die registrasienommer was CDZ365T. Gedurende Junie 1981 het hy die voertuig aan beskuldigde 2 geleen en later dieselfde dag het 1g hom die slegte tyding gebring dat die hele linkerkant van die voertuig ernstig beskadig is in ŉ botsing. Beskuldigde 2 het onderneem om die voertuig op sý koste te laat regmaak. Appellant moes lank wag vir sy motor, maar beskuldigde 2 het verduidelik dat hy eers die herstelkoste moes afbetaal. Uiteindelik, op

31 Desember 1981, het beskuldigde 2 'n Cortina daar gebring wat hy aanvaar het sy eie motor was. Die nommerplate was dié van sy eie motor, die sleutels was aan dieselfde sleutelhouer en die bakwerk was soos dié van sy eie motor. Die kleur was nou wel 'n dieper groen as voorheen, maar beskuldigde 2 het verduidelik dat dit, as gevolg van die herstelwerk, nodig was om die hele voertuig nuut te spuitverf. Die appellant se getuienis was dat hy dadelik die voertuig van buite goed nagegaan het om te sien of die herstelwerk behoorlik gedoen is, maar dat hy eers op 5 Januarie 1982 in die voertuig geklim het toe hy dit na die erf langsaam bestuur het om dit daar te gaan was. Selfs toe het hy nie onraad

gemerk / .........

gemerk nie. Hy het net begin om die motor te was toe die polisie daar opdaag. Konstabel Seema het aan hom gesê dat dit 'n gesteelde voertuig is en hom gevra om die enjinkap oop te maak. Toe het hy vir die eerste keer besef dat dit nie sy voertuig is nie. Die appellant het volgehou dat die binnekant van die twee voertuie, selfs die paneelborde, dieselfde lyk en dat hy geen verskil kon bemerk nie. Die appellant se suggestie was dus dat, sonder dat hy daarvan bewus was, die gesteelde voertuig, instede van sy eie voertuig, deur beskuldigde 2 op 31 Desember 1981 teruggebring is. In kruisverhoor het beskuldigde 2 uitdruklik aan die appellant gestel dat hy een en dieselfde voertuig van hom geleen en aan hom terug=besorg het, waarop die appellant die volgende erkenning gemaak het:-

"Ja / .........

"Ja Edelagbare, ek stem saam, beskuldigde 2 het my eie voertuig teruggebring."

Appellant se getuienis dat die binnekant van die twee voertuie eenders lyk, is moeilik te versoen met die getuienis van Bridge, wat deur die streeklanddros geroep is, dat die paneelbord van die motor wat hy aan die appellant verkoop het, heeltemal verskillend is van dié van die gesteelde voertuig, wat hy by die polisiestasie besigtig het. Bridge het verder getuig dat eersgenoemde voertuig ŉ 1300 model was terwyl lg ŉ GT model was. Hierdie getuienis is nie deur die appellant se regsverteen=woordiger by die verhoor betwis nie.

Die oorkonde van die verhoor in die streekhof bevat slegs die eerste paar sinne van beskuldigde 2 se getuienis, waar hy sê dat hy die appellant se voertuig geleen en, vergesel van ene Patrick Shabalala, tot by

sekere winkels gery het. Sy getuienis word dan deur die streeklanddros onderbreek wat aandui dat die hof Bridge as 'n getuie wil roep. Die saak is daarna uitgestel en na die hervatting het Bridge getuig. Daar is geen aanduiding in die oorkonde dat beskuldigde 2 sy getuienis hervat het nie. Die partye was dit egter voor ons eens dat beskuldigde 2 inderdaad sy getuienis in hoof en onder kruisverhoor voltooi het, maar dat dit weens 'n fout met die opneem-toestel, nie opgeneem is nie.

Voor die verhoor van die appèl deur die Hof a quo het die klerk van die streekhof sonder sukses gepoog om sekondêre getuienis van die verlore oorkonde te bekom. Die uitspraak van die streeklanddros bevat die volgende opsomming van beskuldigde 2 se getuienis :-

"Beskuldigde nommer 2 het daarna getuienis afgelê dat hy beskuldigde nommer 1 se voertuig by hom geleen het, hy was saam met ene Patrick. Patrick het die voertuig bestuur en daar was toe 'n botsing en hy en Patrick het ooreengekom om die voertuig te herstel. Uiteindelik het dit R500-00 gekos om die voertuig reg te maak en hy en Patrick het elkeen R250-00 betaal. Op vrae van die Staatsaanklaer sê hy dat die groen Cortina voertuig wat nou hier by die polisiestasie staan, is die voertuig wat hy by beskuldigde nommer 1 geleen het en dit is dieselfde voertuig wat hy terugbesorg het. Hy was nie heel tyd teenwoordig toe die voertuig herstel is nie. Hy sê hy het ook nie onmiddellik nadat die voertuig reggemaak is, dit na beskuldigde nommer 1 teruggeneem nie, hy skep die indruk dat hulle dit eers vir 'n ruk gehou het en toe na beskuldigde nommer 1 geneem het."

In sy uitspraak het die streeklanddros bevind dat beskuldigde 2 een en dieselfde voertuig van die appellant geleen en teruggebring het en dat dit die

gesteelde voertuig was. Die getuienis van die appellant tot die teendeel, is as leuenagtig en onwaarskynlik verwerp en dié van beskuldigde 2, dat dit dieselfde voertuig was wat hy geleen en teruggeneem het, is aanvaar. Die uitspraak van die streeklanddros bevat verskeie verwysings na beskuldigde 2 se getuienis en daar is geen aanduiding hoegenaamd in die uitspraak dat beskuldigde 2 op enige wyse afgewyk het van wat hy aan die appellant in kruisverhoor gestel het of wat in die bo-aangehaalde opsomming van sy getuienis verskyn nie. In sy redes vir uitspraak bevestig die streeklanddros dat die bo-aangehaalde opsomming die kern van beskuldigde 2 se getuienis bevat.

Mnr Van Vuuren, wat namens die appellant voor ons verskyn het, het geredelik toegegee dat, indien die

appellant se erkenning korrek is dat dieselfde voertuig geleen en teruggegee is, hy tereg skuldig bevind is. Mnr Van Vuuren het egter betoog dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat die voertuig wat die appellant aan beskuldigde 2 geleen het, dié is wat hy van Bridge gekoop het, dat òf beskuldigde 2 òf Patrick Shabalala dit met die gesteelde voertuig vervang het en dat die appel= lant onder die waan verkeer het dat hy sy eie voertuig teruggekry het. Hy het betoog dat hierdie moontlikheid, en die streeklanddros se bevindings daaromtrent, nie behoorlik op appèl oorweeg kan word sonder die volledige oorkonde van beskuldigde 2 se getuienis nie, en dat die appèl gevolglik gehandhaaf moet word. Die basis vir mnr Van Vuuren se betoog is dat beskuldigde 2, volgens

hom, in sy getuienis moontlik iets kon gesê het wat twyfel werp op die korrektheid van die appellant se erkenning, maar dat dit die streeklanddros ontglip het. Na my mening is dit in die omstandighede van hierdie saak heeltemal onrealisties en onwaarskynlik dat beskuldigde 2 enigiets sou gesê het wat twyfel werp op die stelling wat hy in kruisverhoor aan die appellant gemaak het. Dit is net so onwaarskynlik dat die streeklanddros dit nie in sy uitspraak sou genoem het nie. Beskuldigde 2 se verweer was juis dat hy een en dieselfde voertuig geleen en teruggegee het en dat hy geen kennis dra van die gesteelde voertuig nie. Dit het hy aan die appellant gestel en so het hy getuig, volgens die streeklanddros, wat sy getuienis aanvaar en hom onskuldig bevind het.

In die lig van die appellant se erkenning dat sy eie voertuig teruggebring is, sou mens nie verwag dat sy regsver= teenwoordiger beskuldigde 2 se ooreenstemmende getuienis onder kruisverhoor in twyfel sou trek nie, en indien beskuldigde 2 van sy stelling aan die appellant sou afgewyk het, sou lg se regsverteenwoordiger dit stellig daar en dan reggestel het. Na my mening is die moontlikheid, deur mnr Van Vuuren geopper, so vergesog dat dit met veiligheid geïgnoreer kan word. In elk geval vind ek dit moeilik om te sien hoedat enigiets wat beskuldigde 2 in sy getuienis gesê het, afbreuk kan doen aan die uit= druklike erkenning van die appellant dat sy eie voertuig deur beskuldigde 2 na hom teruggebring is. Na my mening bestaan daar geen rede om te dink dat appellant se

erkenning dat dieselfde voertuig geleen en teruggebring is, nie korrek is nie. Hy is tereg, op grond van sy eie erkenning, skuldig bevind.

Selfs indien argumentshalwe aanvaar word dat appellant sy eie voertuig aan beskuldigde 2 geleen en die gesteelde voertuig op 31 Desember 1981 teruggekry het, is dit duidelik dat hy moes geweet het dat die voertuig nie sy eie is nie maar dat dit aan iemand anders behoort. Sy getuienis dat hy die aand toe beskuldigde 2 die voertuig teruggebring het, slegs die voertuig van buite beskou en nie dadelik daarmee gery het of ten minste vasgestel het of die enjin nog in behoorlike werkende toestand is nie, is nie wat mens van 'n eienaar van 'n voertuig onder soortgelyke omstandighede sou verwag nie. Sy verdere getuienis

dat, selfs toe hy op 5 Januarie 1982 die voertuig bestuur het, hy geen verskil opgemerk het nie, is onaanvaarbaar. Volgens die appellant het hy eers besef dat die voertuig wat beskuldigde 2 teruggebring het, nie sy eie is nie, toe hy op Seema se bevel die enjinkap oopgemaak het. Mens sou verwag dat hy dadelik aan Seema sou gesê het dat sy eie voertuig deur beskuldigde 2 beskadig is en dat hy die gesteelde voertuig van beskuldigde 2 ontvang het. Instede daarvan gee hy 'n valse verduideliking aan die polisie dat hy wel die eienaar van die voertuig is en dat hy die nodige registrasie-dokumente van die voertuig besit. Uit die appellant se eie getuienis en optrede is die gevolgtrekking onafwendbaar dat hy geweet het dat die voertuig wat beskuldigde 2 teruggebring het, nie dié

is wat hy van Bridge gekoop het nie maar dat dit aan iemand anders behoort. Oòk op hierdie basis is hy tereg aan diefstal skuldig bevind.

Die appèl word afgewys.

W. VIVIER AR.

RABIE HR)
JANSEN AR ) Stem saam.